**Maart 2017**

Geliefde vriende

Hierdie maand is die herdenking van Internasionale Vrouedag, 'n dag om saam met alle vroue regoor die wêreld te vier. Die tema vir Internasionale Vrouedag 2017 is "Onwrikbaar vir Verandering".

Dit het my laat dink aan vroue van die Bybel wat verandering teweeggebring het. Vroue wat vir God gelewe het deur hul gawes en talente te gebruik om diensbaar te wees. Een voorbeeld is Debóra, die profetes, in die boek Rigters (4:1–24), wat in dié tyd die volk Israel gerig het.

Debóra is die enigste vroulike rigter wat in die Bybel genoem word. Sy het aan Barak 'n opdrag van die Here af ontvang, gegee, om teen koning Jabin van Kanaän, op te trek. Barak wou dat Debóra saam met hom trek, anders wou hy nie gaan nie. Debóra het hom daaraan herinner dat die Here voor hom sal uittrek en Sisera, die leërowerste van die Kanaäniete, sal oorwin. Debóra was 'n vrou wat onwrikbaar geglo het in verandering deur God.

Wat verg dit van ons om vroue te wees wat vasstaan om verandering mee te bring? Is ons gewillig om ons stemme te verhef vir dié wat geen sê het nie? Is ons gewillig om vir vroueregte en verandering daarvan te veg, vir diegene wat mishandel en verstoot word in sommige dele van ons wêreld, in vandag se lewe? Om in geloof te bid en in wysheid en krag, van God af ontvang, op te staan vir diegene wat mishandel of die stilswye opgelê word?

Ons almal is na die beeld van God geskape. Kom, laat ons saamstaan deur te bid vir moed en deursettingsvermoë om verandering mee te bring. Laat ons vroue wees wat ons geloof in God bely, en Sy alvermoë om wonderwerke te verrig, verkondig. Mag ons vroue wees wat glo dat God alsiende is en weet dat Hy bewus is van ons susters op wie beperkinge gelê word. Vroue wat ons tyd, talente of hulpbronne (gawes) inspan om verandering deur Jesus, in gemeenskappe, stede en lande te bring.

Soos wat julle vandag saamkom om te bid, bid dan ook vir die vroue regoor die wêreld wat gebedsaksies het vir onwrikbare verandering. Op watter gebied het jy meer krag nodig? Is jy geroepe om vandag aan iemand te getuig en hulle te herinner aan God se beloftes vir hul lewens?

Ons is Sy kinders, geroep vir diensbaarheid deur te bid vir onwrikbare verandering, ook in die harte van vroue oor die wêreld heen. My hart klop in ooreenstemming met julle s'n terwyl ons onstuitbaar vir die Evangelie is, in die geloof en hoop dat vele harte verenig sal word met die hart van God deur sy Seun, Jesus, ons Verlosser.

In Hom is ons harte verbly.

Peggy Banks
Wêreldwye Bedieningsdirekteur
TWR Vroue van Hoop / Projek Hanna